# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 7 April, 2024

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

## 9:00 Erediens en Kinderkerk

*Prediker:* Ds Paullet Grobler
*Teks:* Matteus 25 : 14-30



Wyk I (Kerkraadslid: Calla Bezuidenhout)

*Kilnerpark, Sinoville, Montana*
*en alle buitewyke van die kerk*

## Kategese en Belydenisklas na die diens

## Hierdie week:

9 April (8:00): Stap by die Botaniese tuine
10 April (9:30): Bybelstudie
(18:30): Bybelskool
11 April (18:30): Kleingroep
12 April (14:15:) Kinderkrans

## Nuwe lidmate

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken. Lidmate wat 'n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om 'n afspraak te maak.

# Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 07/04 | Me | Annerie | Schickerling |
| 09/04 | Me | Megan | Kotze |
| 11/04 | Me | Caitlin | Kidson |
| 12/04 | Mev | Thelma | Agenbach |
| 12/04 | Mev | Liesl | Morey |
| 12/04 | Mnr | Armand | Van Wyk |
| 13/04 | Me | Mara | Bezuidenhout |



# Lief en Leed

- Elmarie de la Rey wat herstel na 'n knie-operasie.
- Esme Robinson wat gaan vir 'n heupvervanging.
- Mara Snyman wat gaan vir 'n knievervanging.
- Tannie Annetjie Kok wat sukkel met haar gesondheid.
- Amanda Brand wat herstel na 'n operasie.
- Angelique Mulder, haar Ouma is oorlede.
- Begrafnis van Tannie Winnie Potgieter : Vrydag 12 April

  by Queenswood N G Kerk om 11h00 .

*Ons bid vir alle lidmate wat siek, bekommerd en hartseer is waarvan ons nie weet nie. Ons weet dat ons Hemelse Vader elkeen se behoefte raaksien en sal sorg.*

# Kontak met Leraar

Ds Paullet het 'n kantoor in die kerkgebou. Om 'n afspraak met haar te maak kontak haar direk (076 841 1568) of skakel die kerkkantoor (072 137 4407). Ds Paullet verwelkom uitnodigings om gemeentelede tuis of in die hospitaal te besoek.

## *Dorkas se Kombuis*

Daar is Dinsdag 3 April, 40 kospakkies by RHS afgelaai.
Die pakkies het as volg daarna uitgesien:

Toiletware: 2x toiletpapier, 2x sanitêre ware, 1x seep, 1x tandepaste
Kruideniersware: 1x400g soya, 1x 500g macaroni, 1x pakkie sop, kerriepoeier,
1 blikkie ertjies, 500g suiker (dankie aan Kitkat met wie ons die prys kon beding), 1x ontbytpap (dankie aan die Moot-Sorgsentrum)

**GROOT** dankie aan **Ian, ons staatmaker**, wie altyd eerste in die ry staan om te help. Jou hande staan vir niks verkeerd nie ☺

**DANKIE** vir elke bydrae, elke inbetaling wat elke pakkie 'n moontlikheid maak.

*Blessings vir die nuwe week.*

**Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaarrek nr: 1651207**

## *Die Pierneef-Mamelodi konneksie*

In Mamelodi is 'n organisasie, Choose Life, wat lank reeds by mentorskap en toerusting van hulle kinders en jongmense betrokke is. Hulle is soos 'n helder lig in 'n donker, korrupte omgewing. Erna, Diana, Stoffie en Sandra se betrokkenheid het met 'n leesprogram begin en oorgegaan in 'n kreatiewe program. Elke skoolvakansie spandeer ons 'n oggend van teken, knip, plak en verf daar en ervaar dat die kinders in ons harte inkruip.
Ons fokus tans is om soveel moontlik vaardighede vir die leiers aan te leer. Hulle neem ook die leiding met byeenkomste. Ons ontmoet hulle apart en dis telkens inspirerend.
Op 26 Maart het 'n Pierneefgroep, insluitende Paullet, aan 'n kreatiewe Paasfeesprogram deelgeneem. Ek kon nie gaan nie, maar het bloot met die foto's ervaar die Here was daar teenwoordig.
My hart is in die besonder só warm oor Pierneefgemeente se betrokkenheid – sonder dat ons eers vra! Skenkings van serpe, klere, lappies en kos verras ons telkens. Elke klein betrokkenheid is soos die mosterdsaadjie van God se koninkryk…dit gaan nog 'n groot boom word. Baie dankie
Erna – 084 383 9417

# *Advertensies*




## *Vars produkte by die kerk te koop*

Heel hoenders, asook opgesnyde en “starpacks” is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R60 ‘n kilogram beskikbaar.
Vars plaasbotter – R65 vir 500g (**ons ontvang binnekort nuwe voorraad**)
Roomys - R20 vir ‘n 500ml houer
Die kerk verkoop ook **FARINA** hondekos – R100 vir ‘n 8 kg sak en R275 vir ‘n 25 kg sak.